

Les 16

Teks: Johannes 7: 1 - 24

1. Inleiding

Ons fokus vandag op die Christus se verskyning by die huttefees. Aanvanklik sy onwilligheid om terug te keur na Judea. Maar dan gaan Hy tog en maak 'n belangrike openbaring in ons teksgedeelte. Christus het na vermoede 'n jaar in in Galilea bedien. Die fokus van die sinoptiese evangelies val dan veral op hierdie tydperk van Christus se bediening.

2. Die aanloklikheid van 'n groot skare

In vers 3 en 4 probeer Christus se dissipels hom oorhaal om na Galilea te gaan, veral na die huttefees. Soos meeste groot gebeure in die leefwêreld van Israel het hierdie fees ook in Jerusalem by die tempel plaasgevind. 'n Groot skare sou dus opgaan na die tempel. Hierdie bymekaarkoms kon vir Christus 'n nasionale gehoor en navolging verseker. Verseker 'n trappie op van sy plattelandse bediening in Galilea.

Christus se broers wat nog nie in hom geglo het moedig hom aan om ook Sy werke voor mense by die fees te gaan doen. Hulle argument is dat niemand wat beroep of bekend wil wees net in die geheim optree nie. Maar daar is altyd die gevaar om korrup te word wanneer 'n mens deur die wêreld aanvaar word. Dit is wat Christus ook hulle openbaar in die feit dat die wêreld Hom haat.

3. Die tyd om na Jerusalem te gaan

Die dissipels is vry om enige tyd na Jerusalem op te gaan. Maar vir Christus is daar 'n spesifieke tyd. Op hierdie tyd sal hy publiek en in die openbaar opgaan na Jerusalem. Die wêreld haat altyd dat sy boosheid aan die kaak gestel word. Daarom is die broers se voorstel dat Jesus homself aan die wêreld moet wys (vers 4) so misplaas. Met 'die wêreld' bedoel hulle eintlik 'alle mense', maar Jesus weet dat 'alle mense' in 'n baie meer negatiewe sin aan die wêreld behoort, soos reeds in die Proloog van Johannes (1:10) opgesom is.

Daarom verduidelik vers 7 gelyktydig waarom Jesus nie die uitdaging sal aanvaar nie, en hoekom, vir die broers, is enige tyd reg is om na Jerusalem te gaan. Hul belyning met 'die wêreld' beteken dat hulle niks van God se agenda ken nie. Hulle luister nie na sy woord nie, herken dit nie wanneer dit kom nie en kan nie die Woord geïnkarneer voor hulle sien nie. Hulle is geskei van God se tyd, sy goddelike afspraak, daarom is enige tyd vir hulle die regte tyd. Alle afspraak wat God se tyd ignoreer, is ewe onbeduidend in die ewige skema van dinge.

4. Christus gaan wel

In vers 10 is daar 'n aanname dat die Vader wel vir Christus 'n teken gegee het om op te gaan na Jerusalem. Hierdie aanname kan gemaak word as verduidelik in lyn die uitgebreide verduideliking hoekom Christus nie saam met die ander dissipels gaan nie. Verder weet ons uit vorige studies dat Christus in alles aan Sy vader gehoorsaam is.

Uiteindelik is die skares in Jerusalem meer gebalanseerd, hulle is opgemaak uit Galileërs en Jode met 'n meer gemaklike oortuiging. Hulle is duidelik verdeel in hulle opinies en nuuskierig oor Jesus.

5. Christus leer in die tempel

'n Mens wonder waarom Christus dan in die tempel leer as Hy privaatheid najaag. Maar eintlik word die wil van die Vader nagejaag nie privaatheid in Christus se optrede. Uiteindelik is die

mense eintlik verbaas oor Christus se insig, sonder formele opleiding of studie. Maar uiteindelik kan die Goddelike openbaring net van binne af herken word.

Ten slotte is Christus se aantrekkingskrag meer persoonlik, eskatologies en verlossend. Hulle het sy karakter misverstaan deur 'n fundamentele gebrekkige stel afleidings uit die Ou Testamentiese wet, 'n benadering wat oppervlakkig is, te veel toegewyd aan 'blote voorkoms'. As hulle benadering tot God se wil een van die geloof was, sou hulle gou sien dat Christus nie 'n Sabbatbreker is nie, maar die een wat beide Sabbat en besnydenis kom vervul.

6. Vrae

1. Word 'n kerk of geestelike saamtrek se sukses gemeet in nommers?
2. Watter verskille kan daar bestaan tussen plattelandse geloofsgemeenskappe en geloofsgemeenskappe in die stede?
3. Brei uit op die stelling "in die wêreld maar nie van die wêreld nie"?
4. Moet prediking akademiese wees, met ander woorde onderlê in formele opleiding?
5. Kan die gelowige bloot op voorkoms oordeel, verduidelik?

6. Bronne

Carson, D. A. (1991). *The Gospel according to John*. Leicester, England; Grand Rapids, MI: Inter-Varsity Press; W.B. Eerdmans.